

# DIE GRONDWETLIKE POSISIE VAN DIE REHOBOTH-BASTERS VAN SUIDWES-AFRIKA (NAMIBIË) ONDER MILITÈRE BESTUUR, 1915-1920<sup>1</sup>

G.J.J. Oosthuizen  
Departement Geskiedenis  
Potchefstroomse Universiteit vir CHO  
Privaatsak X6001  
2520 Potchefstroom

## The Constitutional position of the Rehoboth-Basters of South West Africa (Namibia) under military rule, 1915-1920

During the Period of Military Control (1915-1920) the problem of how to organize the management of the *Rehoboth Gebiet* was not addressed purposefully by the South African government. General Smuts was of the opinion that the Rehoboth Gebiet should be administered just like any other district of South-West Africa, and that the notion that the Basters were a semi-independent community should be done away with. Botha did not share this view, but was of the opinion that the constitutional status as conferred by the Germans should be maintained. Confronted by a petition from the Basters in this regard, the first extended managemental arrangements with regard to the Rehoboth Gebiet were activated in July 1916. Through that arrangement the Baster Council partly regained the status which it had held during the German government. The striving for independence of the Basters really got momentum during the August 1917 visit of D.W. Drew. Inspired by Drew, the Baster leaders vainly sought to take the initiative in the arrangement of their constitutional position by insisting on protectorate status for the Gebiet. Baster-South African relations during the initial years of the mandate following the First World War were marked by delicate constitutional negotiations. In spite of opposition the Baster Council accepted a constitutional agreement in August 1923.

Met die Vrede van Khorab (9 Julie 1915) is die Duitse administrasie in Suidwes-Afrika formeel beëindig. Tydens die Militière Bestuursperiode (1915-1920) is die probleem van hoe om die bestuur van die Rehoboth-Gebiet in te rig nie daadwerklik deur die Suid-Afrikaanse Regering aangepak nie. Aan die een kant was generaals Smuts van oordeel dat die Rehoboth-Gebiet net soos enige ander distrik van Suidwes-Afrika geadministreer moes word en dat weggedoen moes word met die idee dat die Basters 'n semi-onafhanklike gemeenskap is. Aan die ander kant is die siening van Smuts nie deur Botha gedeel nie, daar hy van oordeel was dat die grondwetlike status soos erken deur die Duitsers, gehandhaaf moes bly. Gekonfronteer deur 'n beswaarskrif van die Basters in die verband, is die eerste uitgebreide bestuursregelings rakende die Rehoboth-Gebiet in Julie 1916 in werking gestel. Daardeur het die Basterraad van sy status wat dit gedurende die Duitse bewind geniet het, herwin. Die onafhanklikheidstrewe van die Rehoboth-Basters het eers met die Augustus 1917-besoek van D.W. Drew werkelik momentum gekry. Geïnspireer deur Drew, het die Basterleiers tevergeefs gepoog om die inisiatief te neem in

*Historia* 40(1), Mei 1995

---

<sup>1</sup>'n Spesiale woord van dank kom prof. P.D. van der Walt (emeritus-professor, PU vir CHO) toe vir die taalkundige versorging en nuttige wenke ter verbetering van die finale produk.

die reëling van hulle grondwetlike posisie deur op protektoraatstatus vir die Rehoboth-Gebiet aan te dring. Baster-Suid-Afrikaanse betrekkinge tydens die aanvangsjare van mandaatbestuur na die Eerste Wêreldoorlog is gekenmerk deur delikate grondwetlike onderhandelinge. Ondanks opposisie uit Bastergeledere het die Basterraad uiteindelik in Augustus 1923 'n grondwetlike ooreenkoms aanvaar.<sup>2</sup>

## Inleiding

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 het dramatiese internasionale gevolge ingehou. Wat Duits-Suidwes-Afrika in die besonder betref, is die gebied weens die Britse versoek aan Suid-Afrika om verskeie hawens en radiostasies te beset, in die maalstroom van internasionale gebeure betrek. Die Duitsers moes uiteindelik swig voor die Suid-Afrikaanse getalle-oorwig en het met die Vrede van Khorab (9 Julie 1915) formeel die administrasie van die gebied aan Suid-Afrika afgestaan.<sup>3</sup>

Generaal Botha het reeds vóór die Vrede van Khorab, en wel op 12 Mei 1915, kolonel Mentz as Militêre Goewerneur aangestel om voorlopig die administratiewe sake van Suidwes-Afrika te behartig.<sup>4</sup> Wat die Basters in die besonder betref, is 'n Regeringskommissaris in Julie 1915 in die persoon van majoor J.L. van Zyl aangestel.<sup>4</sup> Kort daarna is die posbenaming, kragtens Proklamasie 11 van 1915, na Militêre Magistraat verander.<sup>5</sup> Die aanvanklike posbenaming van Regeringskommissaris kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die Rehoboth-Basters, in teenstelling met die ander inheemse bevolkingsgroep van Suidwes-Afrika, semi-onafhanklike status tydens die Duitse bewind geniet het.

Smuts was egter van mening dat die Rehoboth-Gebiet net soos enige ander distrik van Suidwes-Afrika geadministreer moes word en dat weggedoen moes word met die idee dat die Basters 'n semi-onafhanklike gemeenskap is.<sup>6</sup> Die siening van Smuts sou die Bastergemeenskap nie aanstaan nie.

Op versoek van Botha het generaal Smuts, Minister van Verdediging en waarnemende Eerste Minister, E.H.L. Gorges, Sekretaris van Binnelandse Sake, na Suidwes-Afrika gestuur om die situasie ter plaatse te ondersoek, 'n skema op te stel vir die toekomstige administrasie van die gebied en intussen die militêre owerheid van advies te bedien betreffende die siviele bevolking. In Junie 1915 het Gorges sy bevindinge aan generaal Botha voorgelê.<sup>7</sup> Kort daarna is Gorges onthef van sy Suid-Afrikaanse pos en aangestel as die eerste Hoof Siviele Sekretaris van Suidwes-Afrika<sup>8</sup> of, soos die pos kort hierna bekend sou staan, as Hoofsekretaris van die Protektoraat.<sup>9</sup>

Met die terugkeer van generaal Botha na Suid-Afrika het brigadier-generaal P.S. Beves op 11 Julie 1915 Mentz as Militêre Goewerneur vervang. Hy en Gorges was albei direk verantwoordelik aan die Minister van Verdediging en het opdragte aangaande die bestuur

- 
2. A. du Pisan, *SWA/Namibia: The politics of continuity and change*, Johannesburg, 1986, pp. 46-47.
  3. S.J. Schoeman, *Suidwes-Afrika onder militêre bestuur 1915-1920* (MA, UNISA, 1975), p. 30.
  4. Nasionale Argief, Windhoek (NAW) A219:26, Brief Mentz/Van Wyk, 6.07.1915.
  5. *Official Gazette of the Protectorate of South West Africa*, 20.09.1915, p. 6.
  6. Vgl. Argief van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Pretoria (SANW) DC 1129:1558/9199, Telegram Administrator/Bourne, 8.06.1916, p. 2.
  7. *Official Year Book of the Union of South Africa*, no 4-1921, p. 904.
  8. S.J. Schoeman, *Suidwes-Afrika onder militêre bestuur..*, p. 31.
  9. *Official Gazette of the Protectorate of South West Africa*, 20.09.1915, p. 5.

van Suidwes-Afrika van hom ontvang.<sup>10</sup>

Suidwes-Afrika is kragtens Proklamasie 11 van 20 September 1915 in agtien Militêre Magistraatsdistrikte verdeel, met 'n Militêre Magistraat aan die hoof van elkeen. Die Militêre Magistrate is belas met juridiese sowel as administratiewe funksies.<sup>11</sup> Met die diensaanvaarding van Gorges as Administrateur op 30 Oktober 1915 het die pos van Militêre Goewerneur van die toneel verdwyn.<sup>12</sup>

### Eerste bestuursreëlings ten opsigte van die Rehoboth-Gebiet

Een van die eerste dinge wat Gorges gedoen het nadat hy as Administrateur aangewys is, was om 'n samespreking met die Basterkaptein en -raad te reël om hulle grondwetlike posisie te bespreek.<sup>13</sup> Gevolglik het kaptein Cornelius van Wyk, vergesel deur vier lede van die Basterraad, op 2 November 1915 een van die eerste van talryke onderhoude met die Administrateurs van Suidwes-Afrika gehad.<sup>14</sup>

Die Basters, begerig om 'n skriftelike onderneming rakende hulle grondwetlike posisie te bekom, het die Administrateur gevra om

a declaration of protection from the British authorities, such as the German Government had given them.<sup>15</sup>

Die belofte wat generaal Botha na bewering aan Cornelius van Wyk in April 1915 gemaak het, het waarskynlik die versoek ten grondslag gelê.

Administrateur Gorges het generaal Smuts dieselfde dag ingelig oor die samesprekings met die Basters en aanbeveel dat 'n kommissaris of 'n kommissie aangestel moes word om die grondwetlike posisie te ondersoek.<sup>16</sup> Smuts het geen beswaar gehad teen die voorstel nie, mits Gorges na bestudering van die De Waal-verslag dit nog nodig sou vind om 'n kommissie aan te wys.<sup>17</sup> Die Administrateur het waarskynlik na bestudering van die verslag besluit om nie 'n kommissie aan te wys nie.

Die beleid wat die Administrateur daarna ten opsigte van die Rehoboth-Gebiet gevolg het, was volgens 'n riglyn neergelê deur generaal Smuts:<sup>18</sup>

to treat Rehoboth like any other district and slowly and imperceptibly break down the idea that the bastards are an independent community and work

- 
10. NAW ADM 137:C6, Report on the Administration of South West Africa from the date of surrender to 31.03.1916, p. 3.
  11. NAW ADM 137:C6, Report on the Administration of South West Africa, pp. 7-8.
  12. NAW, ADM 137:C6, Report on the Administration of South West Africa, p. 4; *Official Gazette of the Protectorate of South West Africa*, 15.11.1915, p. 1.
  13. Kyk NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter C. van Wyk et al./Administrator, 1.11.1915.
  14. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Petition Cornelius van Wyk et al./Governor of British South West Africa, 1.11.1915; Minutes Bastard Deputation, 2.11.1915.
  15. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Minutes Bastard Deputation, 2.11.1915, p. 1; NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, pp. 25-26.
  16. SANW DC 732:1449/9199, Telegram Administrator/Smuts, 2.11.1915.
  17. SANW DC 732:1449/9199, Telegram Smuts/Administrator, 8.11.1915.
  18. Presies wanneer Smuts die opdrag aan die Administrateur gegee het, kon nie vasgestel word nie. Dit was waarskynlik kort voor die instelling van Militêre Magistraatsdistrikte in September 1915.

towards the eventual disappearance of the Raad.<sup>19</sup>

Generaal Botha het egter nie die siening van Smuts gedeel nie, want op 9 Junie 1916 het die Sekretaris van Verdediging Administrateur Gorges meegedeel:

[General Botha] does not think we should do anything to diminish their independence or status recognised by the German Administration.<sup>20</sup>

Die probleem van hoe om die bestuur van die Rehoboth-Gebiet in te rig is dus nie daadwerklik deur die Suid-Afrikaanse owerheid aangepak nie. Die samesprekings van November 1915 het geen sigbare verandering in die status van die Basters gebring nie, en daarom het die Basterleiers in Januarie 1916 'n peticie direk aan die Britse Regering gerig. Hulle het versoek dat hulle regte, soos vervat in die Vriendskaps- en Beskermingsverdrag van 1885, erken word en dat die Rehoboth-Gebiet direk deur die Britse Regering bestuur word.<sup>21</sup>

Dit blyk dat hierdie peticie nie gou sy bestemming bereik het nie, want op 26 November 1917 het die Britse Adjunkminister van Kolonies, in antwoord op 'n vraag in die Britse Laerhuis, te kenne gegee dat hy nog nie so 'n peticie ontvang het nie en ook nie van plan was om met die Suid-Afrikaanse Regering in verbinding te tree voordat hy insae daarin gehad het nie.<sup>22</sup> Die vraag omtrent die peticie, gestel deur Lord Cavendish-Bentinck, is waarskynlik geïnspireer deur D.W. Drew, segsman van die Basters.

Terwyl die gesloer aan die gang was, het kaptein Van Wyk en die Basterraad op 11 Mei 1916 vir S.V. Thomas, 'n invloedryke Kleurlinghandelaar van Kaapstad en kampvegter vir die regte van die Kleurlinge,<sup>23</sup> as gevollmagtigde agent aangestel om hulle griewe aan die Suid-Afrikaanse en Britse Regerings oor te dra.<sup>24</sup> Thomas het onverwyld aan die versoek voldoen en 'n peticie, gedateer 26 Mei 1916, namens kaptein Van Wyk en die Basterraad aan Botha gestuur.<sup>25</sup> Die onafhanklikheidstrewe van die Basters blyk duidelik uit die versuiging van die Basterkaptein en -raad:

The Union troops do not recognise us as a Private and Independent State.<sup>26</sup>

Administrateur Gorges was ontsteld dat die Basters, sonder sy medewete, 'n peticie deur bemiddeling van 'n agent aan die Suid-Afrikaanse Regering gerig het. Hy het kaptein Van Wyk verseker dat enige vertoë van hom simpatieke oorweging sou geniet, en het hom

- 
19. SANW DC 1129:1558/9199, Telegram Hoofd/Bourne, 8.06.1916, p. 2.
  20. SANW DC 1129:1558/9199, Telegram Bourne/Hoofd, 9.06.1916; NAW ADM 104:3263, Memorandum Herbst/Administrator, 27.08.1920, p. 2.
  21. Public Record Office, London (PRO) CO 551:103, Petition C. van Wyk *et al.*/British Imperial Government, 1.01.1916.
  22. PRO CO 551:100, Questions in House of Commons, Cavendish- Bentinck/Secretary of State for the Colonies, 26.11.1917; *The Star*, 28.01.1918.
  23. SANW DC 1129:1558/9199, Report Detective Sorenson/Deputy Commissioner, South African Police, 10.06.1916.
  24. SANW DC 1129:1558/9199, Letter C. van Wyk and Raad/Thomas, 11.05.1916 (Exhibit iii to Petition Thomas/Botha, 26.05.1916).
  25. SANW DC 1129:1558/9199, Petition Thomas/Botha, 26.05.1916.
  26. SANW DC 1129:1558/9199, Statement by chief Van Wyk and Bastard Raad, 11.05.1916, p. 4 (Exhibit iv to Petition Thomas/Botha, 26.05.1916).

versoek om versoek via die Militêre Magistraat of direk aan hom te rig.<sup>27</sup> Majoor W.P. Rousseau, wat intussen vir Van Zyl as Militêre Magistraat van Rehoboth opgevolg het, het op 15 Junie 1916 samesprekings met Van Wyk en die Basterraad oor die Thomas-petisie gevoer. Enkele dae later het ook majoor J.F. Herbst, Sekretaris van die Protektoraat, in gesprek getree met die Basterleiers oor die aangeleentheid. Tydens die samesprekings het dit duidelik geblyk dat daar sterk verdeeldheid in die Basterraad was. 'n Gedeelte van die Raad onder leiding van Bastermagistraat Samuel Beukes, was teen kaptein Van Wyk gekant, omdat hy na hulle mening te inskiklik was teenoor die Suidwes-Afrikaanse Administrasie (hierna die Administrasie) en nie genoegsaam aangedring het op hulle regte nie. Sommige van die Raadslede en kaptein Van Wyk het hulle gedistansieer van die aantygings in die petisie.<sup>28</sup> Kaptein Van Wyk het aangevoer dat hy verplig was om die petisie te onderteken, daar die Bastergrondwet bepaal het dat hy hom by die meerderheidbeslissing van die Basterraad moes berus.<sup>29</sup> Op 24 Junie 1916 het kaptein Van Wyk hom skriftelik van die Thomas-petisie gedistansieer.<sup>30</sup>

'n Belangrike uitvloeisel van die sogenaamde Thomas-petisie was die besoek van F.S. Malan, Suid-Afrikaanse minister van Mynbou, aan die Rehoboth-Gebiet.<sup>31</sup> Op 10 Julie 1916 het Malan, in teenwoordigheid van administrateur Gorges, met die Basterkaptein en -raad samesprekings in Rehoboth gevoer.<sup>32</sup> Malan het die Basters verseker dat die Suid-Afrikaanse Regering ten minste dieselfde voorregte wat hulle tydens die Duitse bewind geniet het aan hulle sou toestaan.<sup>33</sup>

Die Minister se belofte aan hulle is gestand gedoen, want die Militêre Magistraat het kort hierna opdrag ontvang

[to] recognize the status of the Bastards as it existed prior to hostilities under the German Government, and also consult with the Captain and the Raad in all matters of administration and the general welfare of the District.<sup>34</sup>

Inderdaad was die opdrag deel van uitgebreide bestuursmaatreëls wat as direkte uitvloeisel van minister Malan se besoek beskou kan word. Die Militêre Magistraat is verder meegedeel dat hy en die Basterraad ten minste een keer per maand moes vergader, aan die hand van 'n agenda met behoorlike notulering. Die maandelikse vergaderings moes egter nie die gereelde byeenkomste van die Basterraad, soos bepaal deur die Bastergrondwet, vervang nie. Verder sou die Militêre Magistraat nie medeverantwoordelik wees vir die

27. SANW DC 1129:1558/9199, Letter Secretary for the Protectorate/Military Magistrate, 13.06.1916, p. 2.
28. NAW ADM 98:2989/2, Letter Military Magistrate/Secretary for the Protectorate, 20.06.1916, p. 1; NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter Administrator/Secretary for Defence, 18.07.1916, pp. 1-3.
29. SANW DC 1129:1558/Z, Brief C. van Wyk/Administrateur, 24.06.1916; NAW ADM 98:2989/2, Letter Military Magistrate/Secretary for the Protectorate, 20.06.1916, p. 2.
30. SANW DC 1129:1558/Z, Brief C. van Wyk/Administrateur, 24.06.1916; NAW ADM 98:2989/2, Letter Military Magistrate/Secretary for the Protectorate, 20.06.1916, p. 2.
31. Kyk SANW DC 1129:1558/9199, Telegram Bourne/Gorges, 6.06.1916, p. 2; Letter Secretary for the Protectorate/Military Magistrate, 13.06.1916, p. 2.
32. SANW DC 1129:1558/9199, Letter Gorges/Bourne, 13.07.1916, p. 2; NAW SWAA A206/4 Rehobothsaster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter Administrator/Secretary for Defence, 18.07.1916, p. 5.
33. NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, p. 29.
34. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter Deputy Secretary for the Protectorate/Military Magistrate, 18.07.1916, p. 1.

toepassing van die Basterwette nie:

At the monthly meetings ...only such matters as you are called upon to discuss with the Raad, and such matters as they wish to consult you upon, should be open for discussion.<sup>35</sup>

Met die verdeeldheid in Bastergeledere in gedagte is die Militêre Magistraat gemaan om te alle tye met die Basterraad in sy geheel te onderhandel en nie voorkeur te gee aan of te onderhandel met enige groep binne die Raad nie.<sup>36</sup>

Wat die handhawing van wet en orde betref, sou die polisie so min as moontlik inmeng in die interne aangeleenthede van die Bastergemeenskap. Die Basterraad sou kleinere oortredings en oortredings rakende eiendom hanteer,<sup>37</sup> terwyl ernstige oortredings, byvoorbeeld aanrandings, en dié waarby die Administrasie en die blanke bevolking betrokke was, deur die polisie hanteer en deur die Militêre Magistraat verhoor word.<sup>38</sup>

So het die Basterraad dus van sy status wat dit gedurende die Duitse Bewind geniet het, herwin. Die maatreëls het egter nie die Basters se onafhanklikheidstrewe bevredig nie, en die Suid-Afrikaanse Regering sou in die daaropvolgende jare voortdurend gekonfronteer word deur petisies, deputasies en ander vorme van protes.

#### D.W. Drew en T.L. Schreiner se besoek aan Rehoboth

Die Basters se strewe na onafhanklikheid sou eers na die besoek van D.W. Drew en T.L. Schreiner, parlementslede van die Unie, werklik momentum begin kry. Drew en Schreiner was besonder geïnteresseerd in die belang van die nie-blankes in die algemeen en wou eerstehands kennis opdoen oor die posisie van diesulkes in Suidwes-Afrika. Met die twee here se aankoms op 12 Augustus 1917 by Rehoboth-stasie is hulle deur 'n ewewig van sowat 70 berede Basterburgers ontmoet en na Rehoboth begelei. 'n Hele aantal samesprekings, waarheen die Militêre Magistraat nie uitgenooi is nie, het plaasgevind. Sover die Militêre Magistraat kon vasstel, was Schreiner hoofsaaklik geïnteresseerd

in furthering the cause of Temperance, while Mr. Drew was more concerned with the Political aspect of affairs.

Die belofte wat generaal Botha na bewering oor hulle grondwetlike status gemaak het, het die basis van die politieke gesprekke gevorm. Hierbenewens is ook die moontlikheid bespreek om die Britse Regering te versoek om 'n grondwetlike status soortgelyk aan die van die Basoeto's en die Betsjoeanas aan die Basters toe te ken. Die Basters was oor die algemeen daarteen gekant om deel te word van die Unie, aangesien hulle nie die Afrikaners

- 
35. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter Deputy for the Protectorate/Military Magistrate, 18.07.1916, pp. 1-2; Letter Administrator/Secretary for Defence, 18.07.1916, p. 4.
36. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter Deputy Secretary for the Protectorate/Military Magistrate, 18.07.1916, p. 1.
37. In ooreenstemming met dié beleid is die oorgrote meerderheid van interne regsgedinge deur Basterregsamptenate verhoor. Van die 798 hofsaake wat die Magistraat tussen 1915 en 1923 verhoor het, was slegs 103 teen Basters. Kyk NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, p. 28.
38. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (vol. 1), Letter Deputy Secretary for the Protectorate/Military Magistrate, 18.07.1916, p. 2.

vertrou het nie.<sup>39</sup>

Die Basterraad het in ooreenstemming met die advies van Drew<sup>40</sup> 'n petisie, gedateer 22 Augustus 1917, aan goewerneur-generaal Buxton gestuur. Die petisie was 'n blote herhaling van die Januarie 1916-petisie wat in daardie stadium nog nie die Britse Regering bereik het nie.<sup>41</sup>

Alhoewel die Basters hierdie keer langs die korrekte kanale gewerk het, was dit nie 'n waarborg vir sukses nie. Die petisie is op 18 September 1917 aan die Sekretaris van Verdediging gestuur, maar in 'n begeleidende brief het administrateur Gorges opgemerk:

In my opinion the petition should not be taken too seriously. It is the outcome of a fear that the Bastards will, under the Union Government, be reduced to the status of the ordinary native and it has without a doubt received encouragement from Messrs Schreiner and Dewdney Drew, for the Raad would not have had the temerity alone to put it forward.<sup>42</sup>

Eers in Januarie 1918 het die petisie onder die aandag van goewerneur-generaal Buxton gekom toe senator Schreiner navraag daaroor gedoen het. Verdere navrae het aan die lig gebring dat die petisie nog steeds vir oorweging by die Minister van Verdediging was.<sup>43</sup> Die Goewerneur-Generaal het gevvolglik kolonel Mentz in die verband genader<sup>44</sup>, wat aangevoer het dat die vertraging daarvan te wyte was dat die Administrateur nie die oorspronklike petisie nie maar 'n afskrif gestuur het.<sup>45</sup> Gorges het egter in September 1917 die oorspronklike petisie aan kolonel Mentz besorg<sup>46</sup>, wat klaarblyklik na aanleiding van administrateur Gorges se opmerking dat die petisie nie te ernstig opgeneem behoort te word nie, versuim het om onverwyd daarvan aandag te gee. Met hierdie blatante leuen het Mentz gepoog om die laksheid van sy departement te probeer verdoesel.

Aangesien die aangeleenthed reeds verskeie maande vertraag is, het goewerneur-generaal Buxton op 12 Februarie 1918, die dag waarop hy uiteindelik die petisie ontvang het,<sup>47</sup> dit aan die Britse Regering getelegrafeer.<sup>48</sup> Laasgenoemde het binne drie dae daarop gereageer:

His Majesty's Government fear that, during [the] war, it is impossible to decide any question relating to [the] future government of [the] South West Africa Protectorate or of the Bastard Gebiet which forms part of it but that

- 
39. NAW SWAA 2/18/2 Unregistered Correspondence and Papers. Rehoboth Affairs. Papers (presumably collected by mr. Smit) for use when investigating into Rehoboth Affairs, 1898-1925 (vol. 1), Replies to terms of reference, n.d., pp. 5-6; NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Letter Military Magistrate/Secretary for the Protectorate, 11.09.1917.
40. Kyk NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, [Basterraadresolusies], 21.08.1917, p. 1.  
NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Petitie Basterkaptein en -raad/Britse Imperiale Regering, 22.08.1917; PRO CO 551:104, Telegram Governor General of the Union of South Africa/Secretary of State for the Colonies, 12.02.1918.
42. SANW DC 1129: 1558/Z, Letter Administrator/Secretary for Defence, 18.09.1917, p. 4.
43. PRO CO 551: 104, Letter Governor-General/W.H. Long, 4.03.1918, p. 1.
44. SANW DC 1129:1558/Z, Letter Buxton/Mentz, 1.02.1918.
45. SANWDC 1129:1558/Z, Letter Mentz/Buxton, 12.02.1918.
46. SANW DC 1129:1558/Z, Letter Administrator/Secretary for Defence, 18.09.1917, p. 1.
47. SANW DC 1129:1558/Z, Letter Mentz/Buxton, 12.02.1918.
48. PRO CO 551: 104; Telegram Governor-General/Secretary of State for the Colonies, 12.02.1918.

[the] community may rest assured that their interests will be considered fully when the time arrives for a final settlement of these matters.<sup>49</sup>

Intussen het Drew, wat 'n betaalde agent van die Basterraad geword het,<sup>50</sup> reeds vroeg in Oktober 1917 sekere voorstelle aan die Basterkaptein aan die hand gedoen betreffende 'n moontlike ooreenkoms tussen die Basters en die Britse Regering. Die voorstelle het onder meer behels die erkenning van die Basters as Britse onderdane en die bestuur van die Rehoboth-Gebiet deur 'n administrateur wat direk aan die Imperiale Regering in Londen verantwoordelik sou wees. Die Administrateur moes slegs wette uitvaardig en belastings hef na oorlegpleging met die Basterkaptein en -raad.<sup>51</sup> Militêre Magistraat Rousseau het dié brief van Drew, wat blykbaar per toeval in sy besit gekom het, na die Administrateur verwys. Administrateur Gorges het die advies van Drew as onverantwoordelik beskou en het gevolglik die Suid-Afrikaanse Regering versoek om 'n nota van protes aan Drew te stuur.<sup>52</sup> Sover vasgestel kon word, is daar nie aan die versoek van die Administrateur voldoen nie. Die Suid-Afrikaanse Regering wou die steun van die inheemse bevolking wen teen 'n moontlike teruggawe van Suidwes-Afrika aan Duitsland en het waarskynlik daarom besluit om nie teen die optrede van Drew te protesteer nie.

Namate die Duitse weerstand verkrummel het, het die Britse Regering, vasbeslote dat Duitsland nie weer in besit sou kom van sy kolonies nie, getuenis in die verowerde Duitse kolonies ingewin om te probeer bewys dat Duitsland onbevoeg was om kolonies te besit. Die Suid-Afrikaanse Regering, begerig om Suidwes-Afrika te behou, het ywerig meegedoen aan hierdie anti-Duitse propagandaveldtog. Majoor T. O'Reilly is as Spesiale Kommissaris aangewys om getuenis in te win oor die behandeling van die inheemse bevolking van Suidwes-Afrika deur die Duitsers en om terselfdertyd te verneem wat hulle begeertes was oor die toekomstige bestuur van die gebied.<sup>53</sup> Hy het Rehoboth op 1 November 1917 besoek en die Basterleiers ingelig oor die doel van sy besoek.<sup>54</sup> Die Basterleiers het die volgende dag 'n spesiale vergadering gehou en eenparig besluit:

Dat wy als Volk en Natie de Imperale Britsche Regeering eerbiediglyk maar dringend verzoekende om Zuid West Afrika niet weer aan die Duitschers terug te geven maar om die land onder de Britsche Flag en Beschermering te houden en ... dat Zyne Majestet de Koning van Groot Brittanje de Gebiet van Rehoboth onder zyne Beschermering en Flag zult nemen op dezelfde stelsel als in Basutoland te vinden is ...<sup>55</sup>

Met die 1915-opstand nog vars in die geheue het die Basters selfs so ver gegaan om die Britse Regering te versoek om aan hulle ander grondgebied buite Suidwes-Afrika te gee

- 
49. PRO CO 551:104, Telegram Secretary of State for the Colonies/Governor-General, 15.02.1918; SANW DC 1129:1558/Z, Governor-General, Minute no. 9/59/179, 21.02.1918.
  50. NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, p. 27.
  51. NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Letter Drew/Van Wyk, 3.10.1917 (Post script).
  52. SANW DC 1129: 1558/Z, Letter Administrator/Secretary for Defence, 7.11.1917.
  53. NAW ADM 139:C86, Telegram Governor-General/Secretary of States for the Colonies, 15.02.1918, p. 1, *The Cape Times*, 10.02.1919.
  54. PRO CO 551:111, Cd. 9210, Correspondence relating to the wishes of the natives of the German colonies as to their future government, November 1918, p. 19.
  55. NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Notulen van een spesiale vergadering gehou van die Raad en Voormannen van de Bastard Natie, gehouden te Rehoboth op die 2de November 1917, p. 1.

indien Suidwes-Afrika weer aan die sorg van Duitsland toevertrou sou word.<sup>56</sup>

### Onderhandelinge tussen goewerneur-generaal Buxton en die Basters

Met die ondertekening van die wapenstilstandsooreenkoms op 11 November 1918 is die gevegte van die Eerste Wêreldoorlog beëindig. Een van die vernaamste vraagstukke waarmee afgevaardigdes by die daaropvolgende vredesonderhandelinge sou moes worstel, was die posisie van die eertydse Duitse kolonies. Reeds in Januarie 1918 het president Woodrow Wilson in sy beroemde Veertien Punte-toespraak voor die Amerikaanse kongres die selfbeskikkingsreg van alle volkere beklemtoon en die direkte anneksasie van verowerde gebiede summier verwerp.<sup>57</sup> Die standpuntinname van Wilson en die komende vredesonderhandelinge het waarskynlik die Basterraad en -kaptein gemotiveer om Drew en Schreiner vroeg in Desember 1918 te versoek om opnuut hulle grondwetlike pleidooie aan die Goewerneur-Generaal oor te dra.<sup>58</sup> Drew het hulle egter aangeraai om 'n deputasie na Kaapstad te stuur, aangesien hy van mening was dat persoonlike kontak groter slaankrag sou hê.<sup>59</sup> Nadat die nodige toestemming van die Administrateur<sup>60</sup> en die Departement van Verdediging<sup>61</sup> verkyk is, het 'n Basterdeputasie bestaande uit kaptein Van Wyk, Raadslede Dirk van Wyk, Albert Mouton, Nicolas Olivier en Sekretaris Frans Maasdorp, teen die einde van Januarie 1919 na Kaapstad vertrek.<sup>62</sup>

Goewerneur-generaal Buxton, bygestaan deur sy sekretaris en majoor J.F. Herbst, Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat ook as tolk opgetree het, het die Basterdeputasie vroeg in Februarie 1919 te woord gestaan.<sup>63</sup> Buxton het die Basters verseker dat Suidwes-Afrika nie aan Duitsland teruggegee sou word nie, maar het ernstige bedenkinge uitgespreek oor hulle versoek dat die Rehoboth-Gebiet direk onder die jurisdiksie van die Britse Regering geplaas moes word. Hy was die mening toegedaan dat Suidwes-Afrika in geheel onder beheer van die Unie geplaas sou word. Hy het die Basterdeputasie verseker dat hulle versoek rakende besitreg op die Rehoboth-Gebiet, grondverliese tydens die Duitse bewind, behoud van hulle regte soos vervat in die Vriendskaps- en Beskermingsverdrag van 1885, en oorlogsverliese simpatiek oorweeg sou word.<sup>64</sup> Enkele dae na die samesprekings is die Basters se versoek aan die Britse Regering getelegrafeer.<sup>65</sup>

Gedurende die tweede helfte van 1919 het goewerneur-generaal Buxton 'n

- 
56. NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Notulen van een speciale vergadering gehouden van de Raad en Voermannen van de Bastard Natie, gehouden te Rehoboth op die 2de November 1917, p. 2.
  57. G.J.J. Oosthuizen, *Die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika, 1919-1926* (MA, PU vir CHO, 1985), pp. 23-25.
  58. NAW A219:8, Brief Basterkaptein en -raad/Schreiner, 5.12.1918.
  59. NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Letter Drew/Van Wyk, 9.12.1918; NAW A219:8, Brief agerende kaptein W. Koopman/C. van Wyk, 16.12.1918.
  60. SANW DC 1129:1558/Z, Letter Secretary for the Protectorate/Secretary for Defence, 31.12.1918.
  61. SANW DC 1129:1558/Z, Telegram Secretary for Defence/Administrator, 22.01.1919; NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Acting Secretary for the Protectorate/Military Magistrate, 23.01.1919.
  62. NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet. Petitions to the Government, Letter Acting Military Magistrate/Secretary for the Protectorate, 29.01.1919.
  63. PRO CO 551:111, Notes of an interview on February 5th, 1919, between His Excellency the Governor General and the Rehoboth Bastards, p. 1.
  64. NAW ADM 104:3263, Aanteekeningen van een onderhoud op 5 Februarie 1919, tussen Zyn Excellentie de Gouverneur Generaal en de Rehoboth Bastaards.
  65. PRO CO 551:111, Telegram Governor-General/Secretary of State for the Colonies, 8.02.1919.

verkenningsbesoek aan Suidwes-Afrika gebring, en op 1 Oktober 1919 by Rehoboth aangedoen. In die verwelkomingsadres van die Basterkaptein en -raad is die hoop uitgespreek dat hulle 'n beter toekoms onder beskerming van die Britse Regering tegemoet sou gaan. Tydens die hieropvolgende samesprekings is die versoek wat gedurende die ontmoeting van 5 Februarie geopper is, opnuut bespreek. Die Goewerneur-Generaal het sy antwoorde van Februarie herbevestig, maar die Basters was begerig dat sy standpunte ampelik deur die Britse Regering gesanksioneer moes word.<sup>66</sup> Derhalwe het die Goewerneur-Generaal op 31 Oktober 1919 'n notule van die samesprekings aan die Britse Regering gestuur.<sup>67</sup> Generaal Smuts het tydens sy besoek aan Rehoboth, op 17 September 1920, die Goewerneur-Generaal se standpunte ondersteun.<sup>68</sup>

Die herhaalde versekering van sowel die Goewerneur-Generaal as die Suid-Afrikaanse Regering dat hulle versoek simpatieke oorweging sou geniet, het nie die Basters tevrede gestel nie. Hulle was nie gedien met die gesloer nie en was begerig om spoedig 'n vaste onderneming, in die vorm van 'n verdrag waarin hulle grondwetlike eise konkreet verskans is, te bekom.

### Die Basters en die instelling van mandaatbestuur

In Januarie 1919 het 70 afgevaardigdes van die Geallieerde Moondhede die Paryse vredeskonferensie bygewoon. Oor die lotsbestemming van die eertydse Duitse kolonies was daar skerp verdeeldheid onder die konferensiegangers. Aan die een kant het president Woodrow Wilson met sy selfbeskikkingseseis die direkte anneksasie van verowerde gebiede summier verwerp. Daarteenoor was Frankryk, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland ten gunste van anneksasie.<sup>69</sup> Ten einde laaste, op inisiatief van generaal J.C. Smuts, is besluit om die twee botsende standpunte te versoek deur die implementering van 'n mandaatstelsel. Op grond van die ontwikkelingspeil van die betrokke inwoners en gebiede is drie soorte mandate ingestel. A-mandaatgebiede, bewoon deur ontwikkelde mense, sou binne 'n relatief kort tydperk as onafhanklike state erken kon word. B-mandate het die gebiede in Sentraal-Afrika ingesluit wat deur minder ontwikkelde volkere bewoon is, terwyl C-mandate op 'n nog laer ontwikkelingspeil was en bestuur kon word as 'n integrale deel van die betrokke mandaathouer.<sup>70</sup>

Vroeg in Mei 1919, met ander woorde voor die ondertekening van die Vredesverdrag van Versailles op 28 Junie 1919, is Suidwes-Afrika as 'n klas C-mandaat aan die Unie van Suid-Afrika toegeken.<sup>71</sup> Nadat regadviseurs die konsepmandate in verdragvorm gegiet het, het die Raad van die Volkebond teen die middel van Desember 1920 die konsepte formeel goedgekeur.<sup>72</sup> Intussen het die Unieparlement reeds in September 1919 kragtens die Vredesverdrag en Suidwes-Afrika-Mandaatwet (Wet 49 van 1919) formeel sy

- 
66. PRO CO 551:115 NAW/ADM 132:6293/9, Note of an interview on October 1st, 1919, between His Excellency the Governor-General (Viscount Buxton) and the Kapitein, vice-Kapitein, and members of the Raad.
67. PRO CO 551:115, Letter Governor-General/Viscount Milner, 31.10.1919.
68. NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, p. 28; *Allgemeine Zeitung*, 21.09.1920
69. G.J.J. Oosthuizen, *Die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika*, pp. 23-25.
70. S.J. Schoeman, *Suidwes-Afrika onder militêre bestuur...*, pp. 182, 184.
71. G.M. Cockram, *South West African Mandate* (Cape Town, 1976), p. 49.
72. R.N. Cowdhuri, *International mandates and trusteeship systems* (The Hague, 1955), p. 80; Q. Wright, *Mandates under the League of Nations* (New York, 1968), p. 48.

verpligte as mandaathouer aanvaar.<sup>73</sup> Volgens die mandaatooreenkoms het Suid-Afrika oor volle administratiewe en wetgewende bevoegdheid beskik om Suidwes-Afrika as 'n integrale deel van die Unie te bestuur. Geen poging is aangewend om 'n bepaalde regeringsvorm voor te skryf nie, en die Unie was kragtens die mandaatooreenkoms nie verplig om aan die inwoners van Suidwes-Afrika enige vorm van selfbestuur toe te ken nie. Suid-Afrika se gesag as mandaathouer oor die gebied was dus byna volkomme.<sup>74</sup>

Die verwikkelinge in Parys is met gemengde gevoelens deur die inwoners van Suidwes-Afrika ontvang. Aan die een kant was die Duitsers ongelukkig omdat Suidwes-Afrika as deel van die Unie bestuur kon word en dat hulle verbintenis met Duitsland beëindig is.<sup>75</sup> Aan die ander kant was die blanke Suid-Afrikaners in Suidwes-Afrika<sup>76</sup> en die ander bevolkingsgroepe<sup>77</sup> verheug om onder jurisdiksie van Suid-Afrika te ressorteer.

Die gebeure in Parys het ook nie in die Rehoboth-Gebiet ongemerk verbygegaan nie. Geïnspireer deur en met behulp van Bastersegsman Drew het die Basters nou gepoog om die inisiatief te neem in die reëling van hulle toekomstige grondwetlike status. Drew het in November 1919 Rehoboth besoek en in samewerking met die Basterraad en -kaptein 'n "Konsept Verdrag tussen Zijn Britse Majesteit George V en Kapitein Cornelis van Wyk van Rehoboth" opgestel.<sup>78</sup> Die Basters was begerig dat die Rehoboth-Gebiet as 'n Britse protektoraat geadministreer moes word, en daarom het Cornelius van Wyk die Britse Koning versoek om "Zijn land en volk onder zijn bescherming te nemen". As sigbare teken van hierdie Britse beskerming sou die Britse vlag oor die Rehoboth-Gebiet wapper, en moes 'n Britse resident-kommissaris aangestel word "door wiens tussenkomst zijn heerschappij gevoerd zal worden." Sake soos plaaslike bestuur, hantering van hofsake, heffing van belastings en die besit van wapens en ammunisie is ook in die konsepverdrag vervat.<sup>79</sup> Die bedoeling was dat die dokument die Vriendskaps- en Beskermingsverdrag van 1885 moes vervang en dat die Suid-Afrikaanse Regering as verteenwoordiger van die Britse koning in Suidwes-Afrika sanksie aan die dokument moes verleen.

Die Basters het op 25 Maart 1920 'n petisie, waarby die sogenaamde "Konsept Verdrag" aangeheg is, aan die Administrateur gestuur, met die versoek om dit aan die Suid-Afrikaanse Eerste Minister te besorg. Hulle het gevra dat 'n kommissie aangewys word om ondersoek in te stel na grondverliese wat hulle na bewering tydens die Duitse bewind gely het en dat hulle vergoed word vir vee wat hulle tydens die 1915-opstand verloor het. Die vernaamste oogmerk van die petisie was klaarblyklik dat die Suid-Afrikaanse Regering sanksie moes verleen aan die "Konsept Verdrag":

UW Petitionarissen sluiten hierbij [de] konsept verdrag in, onder welke zij door Uw Edele's Administratie wensen beschermd te worden, en zijn bereid

73. G.-M. Cockram, *South West African Mandate*, p. 49.

74. "Mandate for German South-West Africa, 17.12.1920", *Official Gazette of South-West Africa*, 17.06.1921, p. 232; Kyk ook *The Times* 9.02.1921.

75. *Allgemeine Zeitung*, 27.01.1920; *The Windhuk Advertiser*, 4.09.1920.

76. *The Windhoek Advertiser*, 2.10.1920.

77. Vgl. CD 9146, Union of South Africa, *Report on the natives of South-West Africa and their treatment by Germany*.

78. NAW ADM 104:3263, Letter Drew/Smuts, 8.04.1920, p. 1; Südwest-Zuid West, 29.10.1920.

79. NAW ADM 104:3263, Konsept Verdrag tussen Zijn Britse Majesteit George V en Kapitein Cornelis van Wyk van Rehoboth (Bylaag tot Petitie Kapitein en Raad/Administrateur, 25.03.1920); Südwest-Zuid West, 29. 10. 1920.

zich daaronder tot trouwe gehoorzaamheid en dienst te verbinden.<sup>80</sup>

Die Basters het die volgende dag 'n afskrif van die petisie ook aan Drew gestuur en hom versoek om hulle saak "bij onze vrienden in die Parlement te stel".<sup>81</sup> Drew het op 8 April 1920 die petisie en konsepverdrag aan generaal Smuts gestuur.<sup>82</sup> Drew, gedagtg aan vorige negatiewe ervarings, wou waarskynlik op die wyse dubbel seker maak dat die petisie wel die Suid-Afrikaanse Eerste Minister bereik.

Die Suid-Afrikaanse owerheid het teen die tweede helfte van 1920 voorbereidings begin tref om sy verpligte as mandataris teenoor Suidwes-Afrika na te kom. In Oktober 1920 is 'n parlementêre kommissie onder voorsitterskap van N.J. de Wet, Minister van Justisie, aangewys om 'n toekomstige regeringsbestel vir Suidwes-Afrika uit te werk.<sup>83</sup> Die De Wet-kommissie moes vasstel op welke wyse Suidwes-Afrika as 'n mandaatgebied bestuur kan word:

under the laws of the Union as an integral portion thereof, what should be the future form of government of that territory; in how far it can be governed as a Province of the Union, and when and in how far representation should be given to its population, both locally and in the Union Parliament, and, in the meantime, what changes should be made in the administration on the withdrawal of martial law.<sup>84</sup>

Teen einde Oktober en begin November 1920 het die kommissie getuenis in Suidwes-Afrika aangehoor.<sup>85</sup> Ook die Rehoboth-Basters, deur bemiddeling van 'n deputasie bestaande uit waarnemende kaptein Albert Mouton, Raadslede Dirk van Wyk, Piet Beukes en Pieter Mouton en sekretaris F.W. Maasdorp, het van die geleentheid gebruik gemaak om hulle grondwetlike posisie aan die hand van die "Konsept Verdrag" te bepleit.<sup>86</sup> Alhoewel die kommissie die Basterafvaardiging te woord gestaan het,<sup>87</sup> is geen aanbevelings rakende die Basters gemaak nie. Die kommissie het as tussentydse maatreël die instelling van 'n blanke Adviserende Raad van ses lede om die Administrateur by te staan, aanbeveel - waarvan een lid spesiaal afgesonder moes word om na die belang van die nie-blankes om te sien.<sup>88</sup> Die aanbeveling is deur die Suid-Afrikaanse regering aanvaar. Gevolglik is militêre bestuur in Suidwes-Afrika op 31 Desember 1920 deur die *Indemnity and Withdrawal of Martial Law Proclamation* beëindig<sup>89</sup> en het mandaatsbestuur die volgende dag 'n aanvang geneem.

Intussen het die Basters hulle onvermoeid beywer vir die erkenning van die "Konsept Verdrag". In Desember 1920, pas na die aanstelling van G.R. Hofmeyr as Administrateur,

- 
80. NAW ADM 104: 3263, Pettie Kaptein en Raad/Administrateur, 25.03.1920.  
81. NAW ADM 104:3263/A219:8, Brief C. van Wyk/Drew, 26.03.1920.  
82. NAW ADM 104:3263, Letter Drew/Smuts, 8.04.1920.  
83. G.J.J. Oosthuizen, *Die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika*, pp. 54-55.  
84. NAW SWAA 2/1/2 Unregistered Correspondence and Papers. Advisory Council, Report N.J. de Wet et al./Acting Governor-General, 11.11.1920, pp. 1-2.  
85. U.G.24-1921, *Interim and final reports of the commission appointed to enquire into the question of the future form of government in the South-West Africa Protectorate*, p. 8.  
86. NAW A219:8, Volmacht, C. van Wyk, 20.09.1920; NAW ADM 136:6642, Brief C. van Wyk/Magistraat, 20.09.1920.  
87. NAW SWAA 2/1/2 Unregistered Correspondence and Papers. Advisory Council, Report N.J. de Wet et al./Acting Governor-General, 11.11.1920, p. 2.  
88. G.J.J. Oosthuizen, *Die konstitusionele ontwikkeling van Suidwes-Afrika*, p. 59.  
89. Official Gazette of the Protectorate of South-West Africa, 31.12.1920, pp. 1-3.

het 'n Basterdeputasie hom versoek om die "Konsept Verdrag" te erken. Hofmeyr het aan die deputasie verduidelik dat die behoud van hulle regte nie opgesluit lê in sulke verdrae nie, maar in vriendelike samewerking met die Administrasie.<sup>90</sup> Hy het die Basterdeputasie verseker:

This Administration was most anxious to assist the community in the defence of all rights which they might legally and reasonably claim.<sup>91</sup>

Daarmee het administrateur Hofmeyr hom in vae terme verbind tot beskerming van die Basters se besondere grondwetlike voorregte, maar terselfdertyd die "Konsept Verdrag" en gepaardgaande droom van die Rehoboth-Gebiet as 'n Britse Protektoraat die nek ingeslaan.

Uit Basteroogpunt beskou was die militêre bestuurstydperk 'n groot teleurstelling. Vrugtelose pogings is deur die Basters aangewend om 'n grondwetlike ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Regering te beding. Gemotiveer en ondersteun deur D.W. Drew en Woodrow Wilson se selfbeskikkingseseis, het die Basters tevergeefs probeer om die Britse en Suid-Afrikaanse Regerings te oorreed om die Rehoboth-Gebiet as 'n Protektoraatgebied te erken. Dié onsuksesvolle pogings het die Basters egter nie ontmoedig nie.

Baster-Suid-Afrikaanse betrekkinge is gevoldigk tydens die aanvangsjaar van mandaatbestuur na die Eerste Wêreldoorlog gekenmerk deur delikate grondwetlike onderhandelinge, bemoeilik deurveral grond- en grensaansprake van die Basters. Ondanks ondoeltreffende pogings van kommissies om die probleem op te los het die grondwetlike onderhandelinge voortgegaan. Uiteindelik is in Januarie 1922 'n konsepoooreenkoms, opgestel deur die Administrasie, aan die Basterraad voorgelê. Die voorgestelde ooreenkoms was egter nie vir die Bastergemeenskap aanvaarbaar nie. In hierdie opsig het die afdwingbaarheid van Suid-Afrikaanse wette in die Rehoboth-Gebiet, belastingpligtigheid, hantering van regspleging, herroeping van verdrae en voorgestelde grense ontevredenheid veroorsaak. Daar moet egter nie nagelaat word om op te merk nie dat die Duitse owerheid nienteestaande die 1885-onderneming geleidelik die selfstandige gesagsuitoefening en voorregte van die Basters ingekort het. Die reëling van die Baster-Duitse betrekkinge in 1885 en die feitelike situasie met Unie-oornname in 1915 het dus heelwat verskil. In 'n sekere mate het die Suid-Afrikaanse Regering gepoog om met die 1922-konsepoooreenkoms wetlik beslag te gee aan wat reeds praktyk was.<sup>92</sup>

'n Vyfdaagse konferensie, gehou in Julie 1923, was 'n belangrike waterskeiding in die Baster-Suid-Afrikaanse grondwetlike onderhandelinge. Die samesprekings is oorheers deur grondaansprake van die Basters en die afdwingbaarheid van Suid-Afrikaanse wette in die Rehoboth-Gebiet. Ondanks toegewings in die verband soos byvoorbeeld die skenking van die sogenaamde "wit eilande" - plase in die Rehoboth-Gebiet bewoon deur blankes, kon die Administrateur nie die Basterraad oorreed om die voorgestelde ooreenkoms te onderteken nie.<sup>93</sup> Ook die Bastergemeenskap het in 'n referendum die ooreenkoms met 'n

- 
90. Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria (SAB) PM 1/1/383:135/1919 (vol. 2), Letter Administrator/Smuts, 14.12.1920, pp. 2-3.  
NAW A312:32/109, Memorandum by the Administrator on the Administration of the territory of South-West Africa since his assumption of duty on the 18th October, 1920, p. 52.
92. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters binne die konteks van die staatkundige verhoudinge tussen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika, 1915-1939* (Ph.D., PU vir CHO, 1993), pp. 107-112.
93. NAW A312:20/78, Notes on Conference between His Honour the Administrator and the Bastard Raad of Rehoboth, on the question of the Treaty, held in the Administrator's Office, Windhoek, on Monday, 16th [to 20th] July, 1923 at 10 a.m.

oorweldigende meerderheid verwerp.<sup>94</sup> Dreigemente van die Administrateur dat die beloofde grondskenkings sou verval en dat die ooreenkoms dan boonop deur 'n proklamasie afgedwing sou word, het uiteindelik die Basterraad gemotiveer om die ooreenkoms tog wel op 17 Augustus 1923 te onderteken.<sup>95</sup> Hiermee is nog 'n fase in die lang en moeisame onafhanklikheidstryd van die Rehoboth-Basters afgesluit. Die ideaal van 'n soewereine grondgebied is egter nie vernietig nie, en verdere pogings om hierdie strewe te verwesenlik sou die jare na 1923 kenmerk.

---

94. NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, pp. 30, 36.

95. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth. Rehoboth Matters (vol. 1), Notes on Conference between the Administrator and Members of the Rehoboth Raad, held in the Administrator's Office, Windhoek, on Monday the 13th August, 1923, pp. 6-7, 11.